

OUER-OMSENBRIEF NO 8 VAN 2017**Geagte Ouers / Voogde****AFHAAL VAN HANDBOEKE EN BETALING VAN REGISTRASIEGELD VIR 2018**

Die **eerste paaieiment** van die skoolgelde naamlik **R 1000.00**, is **NOU** reeds op 6 en 7 Desember in die finansiële kantoor betaalbaar. (8:00 tot 13:00). Gelde is ook **na** 7 Desember per internet betaalbaar, sodat leerders handboeke kan ontvang vir die aanvang van die nuwe skooljaar. Hierdie betaling kan gedoen word tot en met Donderdag 11 Januarie 2018. (Inbetalingsbewyse word tot dan, aan die boekstoor voorsien)

Wanneer u 'n internet betaling tussen **11 en 17 Januarie doen**, **moet u asb self sorg vir die inbetalingsbewys om by die boekstoor te toon.**

Let wel !! Verwerking van meriete beurse en subsidies gaan **nie** plaasvind, alvorens die R 1000.00 betaal is nie, want dit maak **nie** deel uit van meriete beurse en subsidie nie.

Leerders kan **alreeds op Maandag 15 Januarie (vanaf 10:00) en Dinsdag 16 Januarie (vanaf 8:00), voordat die skool amptelik begin**, hul handboeke by die boekstoor langs kamer 12 gaan afhaal. Leerders moet **bewys van die R1000.00 betaling** by die boekstoor toon met inbetalings na 11 Januarie, alvorens boeke uitgegee sal word. Vir kontant-inbetalings word 'n kwitansie uitgereik. Daar sal 'n lys met internet-oorbetalings in die boekstoor beskikbaar wees vir inbetalings tot en met Donderdag 11 Januarie. **Indien u sou versuim om die betaling te doen, gaan u kind sonder handboeke wees tot en met die inbetaling.**

SKOOLGELDE BETAALBAAR VIR 2018

Skoolgelde vir 2018 beloop in totaal R13 650,00 per leerling per jaar. Met die registrasiegeld afgehandel beteken dit dan dat die **balans op die skoolfonds R12 650,00** is, wat soos volg betaal kan word:

11 gelyke paaieimente van R1 150 per maand (Januarie tot November)

Ten volle betaal teen einde Februarie met 10% korting op R12 650,00.

Leerders wat op akademiese-, sport-, kultuur- en leierskapsgebied presteer het in 2017, kan in aanmerking kom vir merietebeurse, wat **korting op skoolgeld** beteken en kan hiervoor **aansoek** doen in **Januarie**. **Merietebeursvorme sal in Januarie beskikbaar gestel word** en moet teen einde Januarie ingedien wees.

Neem asb ook kennis dat ouers wat finansiële probleme ondervind en wat volgens bruto inkomste kwalifiseer volgens Staatsregulasie 29311, kan aansoek doen vir subsidie deur die nodige aansoekvorme by die Finansiële kantoor te kry wanneer die skool in Januarie heropen.

Neem kennis dat die aansoeke vir subsidie einde Januarie 2018 sluit en dat die voorgeskrewe aansoekvorm en stawende dokumente dan deur die Beheerliggaam van die skool verwerk sal word. Riglyne volgens Staatsregulasie 29311 sal dan deur die Beheerliggaam gebruik word om subsidies toe te ken.

Sentrumfondse is as volg:	R300	IT; RTT; Visuele Kuns; Drama
	R450	Verbruikerstudie en Pas & Draai
	R200	Ekstra vakke (elk)

BUSTARIEWE

Roete bustariewe:	Geleentheidskaartjies	R60
	Kwartaalkaartjies	R1 050
	Jaarkaartjies	R3 300

Sportbustariewe:

Sportritte binne Vanderbijlpark	R10
Sportritte binne die Vaaldriehoek	R30

Sportritte buite die Vaaldriehoek tot by Johannesburg R70 (Heidelberg, Frankfort, Parys, Heilbron)

Sportritte verder as Johannesburg se pryse sal bepaal word per geleentheid.

BANKBESONDERHEDE VIR INBETALINGS

ABSA	Rekeningnommer 530 390 594
TAKKODE	632005
VERWYSING	Skoolfondsrekeningnommer

EKSTRA SKOOLBENODIGDHEDE : INBETALINGS VOLGENDE JAAR IN DIE VOOGLASSE MET KONTANT

MOET ASB NIE INTERNET OORBETALINGS VIR WERKBOEKE DOEN NIE.

Natuur Wetenskap : Gr 8 en 9 (R 140.00). Gr 10 – 12 Fisika (R140.00) en Chemie (R140.00) ;

Besigheidstudies : Handboek word aangekoop : Gr 10 (R 140.00) ; Gr 11 (R 150.00) ; Gr 12 (R 170.00)

Toerisme : Verpligte Toerisme handleidings R 120.00 (Gr 10-12)

Algemene skryfbehoeftes en die volgende items word nie by die skool verskaf nie. U kan by enige winkel aankope doen.

Portefeuljelêers vir **Engels** :

Graad 8 (Pienk) ; Graad 9 (Rooi) ; Graad 10 (Groen) ; Graad 11 (Pers) ; Graad 12 (Blou).

Portefeuljelêers vir **Afrikaans** :

Graad 8 – 12 : Harde plastieklêertjie (Pers).

Portefeuljelêers vir **Besigheidstudie** :

Graad 10 (Blou) ; Graad 11 (Geel) ; Graad 12 (Rooi).

Graad 8 en 9 **Kuns en Kultuur** : dun sakkielêer met 20 bladsye (Flipfile).

Kuns : Gr 10 A3 Visual Jotter (tekenboek), Teken potlode (grys/grafiet), kan apart gekoop word of in stelle (soos leerling verkies) as dit apart gekoop word moet jy 'n B , 2B , 4B , en 6B potlood hê.

Gr 11 A2 Visual Jotter (tekenboek) en ook A2 waterverfpapier.

Ander vakke benodig ook portefeuljelêertjies van enige kleur.

Wiskunde : Hardeband skrif met 288 bladsye (Gr 10 – 12)

VALIA KLREWINKEL EN MatriekDRAG :

Daar is reeds 'n oueromsendbrief uitgegee met al die detail inligting rondom die matriekdrag vir 2018. Dit is vir u gerief weer hierby aangeheg. Die betaling van die strikdasse (R80.00) is nou baie dringend ! Dit word slegs by die skool se finansiële kantoor inbetaal. Bestelling van dogtershoede en seunspette moet dringend gedoen word.

Vir die gerief van ons ouers, is gereël dat Sedgars sportdrag en algemene skooldrag vanaf 10 – 24 Januarie **2018** (9:00 – 12:00), by Transvalia beskikbaar sal wees. Indien u voor die saal se glasdeure staan en u stap met die regterkantste stoep af, sal u by die klerewinkel aan die regterkant om die hoek, uitkom. Tye vir die res van die jaar :

Ma tot Do 11:00 - 13:00. Ander reëlins sal afgekondig word soos nodig.

BELANGRIKE DATUMS

EERSTE SKOOLDAG : Woensdag 17 Januarie : Graad 9 en 10 leerders kom in enige oefenklere skool toe vir atletiekuitdunne. Graad 11 en 12 kom in skooldrag. TWEEDE SKOOLDAG : Donderdag 18 Januarie : Graad 8,11 en 12 kom in enige oefenklere skool toe vir atletiekuitdunne. Graad 9 en 10 kom in skooldrag.
--

Die leerlinge ontvang weer aan die begin van 2018 'n huiswerkboekie waarin die hele jaar se aktiwiteite aangeteken is. Indien u vakansiereëlins vir volgende jaar wou tref, moet u die volgende reëlins in gedagte hou : Sporttoere vind plaas gedurende die April-skoolvakansie. U kan nou reeds begroot vir inbetaling teen einde Februarie.

Netbal : Raloka (Brits)

29 Mrt – 1 Apr : 0/14 A tot 0/17 A

5 – 9 Apr : Eerstespan

Rugby : H/S Middelburg

4-9 April : 0/14 A ; 0/15 A ; 0/16 A ; Eerstespan

Hokkie : Pietermaritzburg

3-6 April : Dogters 0/14 A ; 0/15 A ; 0/16 A ; Eerstespan EN Seuns 0/14A ; 0/16 A ; Eerstespan

Ander datums vir die eerste kwartaal is soos volg :

Neem kennis dat daar nie 'n tuis interhuis atletiek byeenkoms gaan wees nie a.g.v. die korter atletiekseisoen. Daar is wel 'n geleentheid om in die atletiekspan te kom met die byeenkoms op 20 Januarie te H/S Klerksdorp, wat 'n staande byeenkoms is. Daar kan tot 6 leerders per item deelneem. Die Junior en Senior Victrix en Victor Ludorms, sal op prestasies van hierdie byeenkoms aangewys word.

Januarie

- 15 Ontvangs van Gr 8's en vertrek op kamp
 - 17 Skool heropen vir leerders. Atletiek uitdunne Gr 9 en 10
 - 18 Atletiek uitdunne Gr 8,11 en 12
 - 20 Massa atletiek deelname te H/S Klerksdorp
 - 24 Gr 12 Ouervergadering
 - 26 Atletiek Garsfontein (Weg)
 - 30 Gr 11 Ouervergadering
 - 31 Gr 9 en 10 Ouervergadering
- Aansoeke vir meriete beurse en subsidies sluit

Februarie

- 1 Atletiek : Aflosaand – D P de Villiers stadion
 - 2 Atletiek : Zwartkop e.a. – D P de Villiers stadion
 - 7 Atletiek Top 15 (Weg)
 - 8 Prysuitdeling (Akademie en o.a. krieket)
 - 9 Atletiek : Midstream College (Weg)
 - 10 Valentynsbal
 - 12 Groentjiekonsert
 - 16 Atletiek : Noordheuwel (Weg)
 - 19 Gr 8 Klokseremonie
 - 28 Atletiek : Super 16
- 10% skoolfondskorting sluit

Maart

- 10 Skole-reeks : Rugby, Netbal en Hokkie teen Monnas (Tuis)
- 17 Skole-reeks : Rugby, Netbal en Hokkie teen HTS Middelburg (Weg)
- 24 Skole-reeks : Rugby en Netbal en Hokkie teen Garsfontein (Tuis)

April

- 14 Skole-reeks : Rugby en Netbal en Hokkie teen H/S Kemptonpark (Tuis)
- 21 Skole-reeks : Rugby en Netbal en Hokkie teen H/S Pietersburg (Weg)
- 22 Skole-reeks : Gholf (Koro Creek)
- 23 Skole-reeks : Tennis, gholf, skaak, muurbal, landloop
- 24 Skole-reeks : Tennis, gholf, skaak, muurbal, landloop

'n Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar word u toegewens. Mag u 'n aangename rustyd hê en veilig terugkom vir die nuwe skooljaar.

J R VENSKE

.....
HOOF

MATRIEKDRAG (Vorige omsendbrief 2017-10-20)

Die volle matriekdrag met die pet vir seuns en hoedjie vir dogters, is **verplichtend** met die volgende geleentheid : * Elke Maandag en Donderdag

- * Tydens alle aktiwiteite van die skool waar skooldrag vereis word, bv. tydens atletiekbyeenkomste (toeskouers)
- * Prysuitdelings

AANKOOP VAN MATRIEKDRAG

Die matriekdrag kan by die skool se klerewinkel of by Sedgars aangekoop word. Indien u by Sedgars gaan aankope doen, moet u **meld dat u van H/S Transvalia is**, omdat daar reeds beding is vir beter pryse.

By die klerewinkel van die skool (bestuur deur Mnr M Louw) kan bestellings geplaas word. Inbetalings geskied by Mnr Louw in die klerewinkel met kontant / kaart / 'n internetoorbetalings (EFT). Die **dogtershoedjie** van **R235 moet asb teen 9 November** betaal wees, alvorens 'n hoedjie bestel sal word.

Dogters moet asb die hoedjie kom pas vanaf Maandag 23 tot Donderdag 26 Oktober tydens tweede pouses. Dogters mag wel ook hoedjies van vorige matrieks koop, maar moet in die klerewinkel kom aanmeld dat jy reeds 'n hoed het.

Dogtersmatriekdrag - Pakket	Prys	Opmerking
Matriekromp	R 190.00	Ook beskikbaar in klerebank (K 64) teen R 50.00.
Blou matriekkouse	R 30.00	
Hoedjie	R 235.00	Ten volle betaal teen 9 November
Borduur van trui	R 75.00	
TOTAAL	R 530.00	
Sykouse		Self aankoop
Res van klere nog dieselfde as in gr 11		
Seunsmatriekdrag - Pakket		
Blou kruisbande	R 150.00	Slegs by die klerewinkel beskikbaar.
Chino (Baronbroek)	R 350.00	Beskikbaar by die klerewinkel of Sedgars.
Pet	R 220.00	Slegs by klerewinkel beskikbaar. Moet gepas word.
Borduur van trui	R 75.00	
TOTAAL	R 795.00	
Res van kleredrag dieselfde as in gr 11.		Mag nie die grys kortbroek dra nie.
ALGEMEEN SEUNS EN DOGTERS		
Borduur van name op trui : Die naam wat jy op wil hê, word op 'n klaslys in die voogklas geskryf. Dit is onderhewig aan goedkeuring. Borduurwerk mag alleenlik deur die klerewinkel by Mnr Louw gedoen word t.w.v. eenvormigheid. Handig jou trui met jou volle naam en voogklas daarop vasgespeld in. Koste van borduurwerk : R 75.00 per trui . Borduurwerk word gedoen met 'n goue draad aan die voor-en agterkant van die trui. Ekstra items kan verkry word teen ekstra koste.		

Indien meer inligting verlang word, kan 'n e-pos na marklouw@absamail.co.za gestuur word.

Bankbesonderhede van Mnr Louw

M S Louw

Capitec Bank

Bankkode 470010

Rekeningnr 1481990819

Verwysing : Kind se naam en van

Sterkte vir die matriekjaar !